

Kyk hoe glinster die maan

Die dag het soos elke ander dag begin, maar toe kry ek die oproep: Ek moet my pa gaan groet.

Die helder blou ligte gee my 'n hoofpyn. Die elektriese gebiep van masjiene plant 'n wysie in my kop. "Waar is jou rendier en silwer spore?"

Ek hoor 'n sagte kug en ek fokus my oë op die bed voor my. 'n Lewendige lyk lê onder spierwit lakens. Sy oë gaan stadig oop en hy kyk vir my. 'n Glimlag wil-wil om sy mondhoeke vorm, maar sy siek spiere laat dit nie toe nie.

Ek stap nader aan die bed en my voetstappe weergalm deur die koue kamer. My warm hand vou om sy ysige vingers en my hart pyn.

Ek staar na sy bleek gesig en dink terug aan die koue wintersaande wat voor die klavier deurgebring is. Net ek, hy en Laurika Rauch.

Sy hees stem vul elke hoek van die vertrek. "Waar is ons drome van gisteraand?"

Ek kan skaars deur die trane sien. My mond vorm die woorde wat ek hom al soveel maal gehoor sing het. "Vlieg oor die bome met my drome."

Hy tuur by die klein venstertjie uit. Ek hoef nie eers te kyk om te weet dat dit volmaan is nie, ek kan dit in sy oë sien.

Herinneringe vlieg deur my gedagtes. Ek en my pa braai malvalekkers onder die volmaan. Ek en my pa treur onder die volmaan oor my ma se

dood. Ek en my pa kamp onder die volmaan. Ek en my pa dans op die strand onder die volmaan. Ek onthou my saam met my pa onder die volmaan.

Ek kan nie meer die trane keer nie. Dit stort oor my wange. Ek hoor die elektriese melodie wat stadiger speel en my pa se asemhaling wat verswak.

Sy hees stem fluister my naam en ek buk af om hom te groet.

Ek voel sy koue lippe teen my hoof. Hy asem lank uit en my hart breek. Hy fluister sy laaste woorde saggies in my oor. “Kyk hoe glinster die maan.”

Luca Keun

Graad 11

Die Hoërskool Menlopark